# EMILY100

***Heropvoering van Emily Hobhouse se staatsbegrafnis,***
***31 Oktober 2026,***
***Nasionale Vrouemonument, Bloemfontein.***

***&***

***Musiekteater: "The Story of Emily", 28- 31 Oktober 2026,***
***Sand du Plessis, Bloemfontein***

---

Op 31 Oktober vind 'n vreemde, surrealistiese optog in Bloemfontein plaas - nes 100 jaar gelede. Dit was die dag to Emily Hobhouse geeer is: Die eerste staatsbegrafnis vir 'n vrou, en die enigste vir 'n buitelander.

Op daardie dag vier ons die merkwaardige lewe van Emily - pasifis, feminis en humanis. Ons gaan probeer om die seremonie so getrou moontlik te herskep. Soos dit in 1926 was, by die Vrouemonument in Bloemfontein, op die terrein van die Oorlogsmuseum.

'n Totaal van 650 mense neem deel – in die klere van die tyd. Nes in 1926 sal 200 meisies van die Eunice- en Oranje-skole voor loop in die stoet, en 'n skoolkoor sal die liedere van toenter sing. Die Vrystaatse Jeugblaasensemble, onder leiding van Dingaan Chabalala sal die mars aangee. By die monument speel hulle Largo van Händel.

Ook volg 'n perdekommando.

"Jan Smuts" sal sy huldeblyk lewer. 'n Paragraaf: "The first impression is one of the power and profound influence of women in the affairs of the world. The life of Emily Hobhouse is a striking

instance of this power. Here was a great war, in which hundreds of thousands of men were engaged, in which the greatest Empire on earth was exerting all its strength and force. And an unknown woman appears from nowhere and presses the right button, and the course of our own history in South Africa is permanently altered."

Ons gaan probeer om alles te herskep word: Die dominee, verse uit Hollandse psalms, 'n loslaat van duiwe, afgevaardigdes in antieke motors, 'n berede kommando en 'n treursaluut.

**Hoekom is Emily belangrik?**

Sy was 'n fluitjieblaser.  Teen groot persoonlike koste het sy die haglike toestande in die konsentrasiekampe, bestuur deur mans, op die lappe gebring. Alleen het sy 'n magtige Ryk uitgedaag om vergrype in die gesig te kyk, in die middel van 'n oorlog toe patriotiese sentiment hoog loop. Tydens 'n era waar vroue geen stem gehad het nie, het sy aangedring dat ongeregtigheid raakgesien en reggestel word.

Kaartjies vir "Ons onthou Emily" is beskikaar.  Slegs R15 per persoon by **Webtickets**.  Gratis parkering op die Skouterrein.

**Belangrik om te onthou**: Hekke open om 08:30 en sitplekke moet asseblief om 10.30 ingeneem word, omdat 'n regstreekse TV-uitsending om 11:00 begin.

Onthou om 'n hoed en sonskerm te bring – vir ingeval!

**Wat nog kan jy ook verwag?**

'n Nuwe uitstalling oor die lewe van Emily Hobhouse.
'n Demo van hoe kant gemaak word, plus spin-en weefdemonstrasies.  (Dit kom uit pogings om werk te skep vir oorlewendes uit die kampe).
Ook 'n Blokkies vir Emily-gemeenskapsprojek.
En 'n herskepte seksie van 'n konsentrasiekamp soos dit gelyk het.
Daar sal interessante gedenkwaardighede en boeke te koop wees.
Plus heerlike kos op die styl van die tyd.

## Musiekteater – 28 Oktober tot 31 Oktober

Deon Opperman het 'n splinternuwe musiekteaterdrama geskryf: *The Story Emily.* Musiek deur Janine Neethling en regie deur Nico Scheepers.  Rolverdeling: Kate Normington (Emily Hobhouse), David Minnaar (Lord Milner),  Greg Viljoen (Lord Kitchener) en Daneel van der Walt (Verteller). Teater: Sand du Plessis in Bloemfontein, 28-31 Okt.

Kaartjies is hier by Webtickets te koop.

**Bou gees met unieke inhoud:**

*Lees al die besonderhede op 'n nuwe webtuiste:* Emily100.com

**Emily 100 | Facebook**
**Instagram: https://www.instagram.com/emilyhobhouse100/**

**Tiktok: https://www.tiktok.com/@emilyhobhouse100**


- Kontak Elsabé Brits, projekleier, vir navrae oor die heropvoering van Emily Hobhouse se begrafnis of geskiedkundige inligting: Elsabe@thestoryofemily.com of 083 555 724.
- Kontak Karen Meiring, projekbestuurder vir navrae oor die musiekteater en media-akkreditasie: karen@kfilms.co.za of 083 200 3970.


Baie dankie vir jou tyd!